# Private ondernemerskap op die voorpos : ontginning van Soutpansberg se soutbron in die 19de eeu*


***Johann W.N. Tempelhoff***

*Departement Geskiedenis*
*Universiteit van Venda*



Die beleid van privatisering wat tans redelik hoog in die Suid-Afrikaanse ekonomie aangeslaan word, is geen nuwe verskynsel nie. Reeds in die 19de eeu het die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) hom indirek daartoe verbind. Dit het meegebring dat die soutpan van Soutpansberg teen die vroeë-1890's aan private ondernemers verpag is. Aangesien die bron reeds sedert die koms van die vroegste Blankes na die gebied noord van die Vaalrivier geëksploiteer is, het die privatiseringsmaatreëls van die owerheid heftige kritiek uitgelok. Ofskoon 'n sterk saak vir private inisiatief uitgemaak kon word, was dit duidelik dat so 'n uitgangspunt onder voorposomstandighede sekere leemtes gehad het.


## INFORMELE BENUTTING

Die soutpan van Soutpansberg[1] is seker een van die bekendste bronne van sy soort in Suid-Afrika. 'n Indrukwekkende bergreeks asook 'n landdrosdistrik is reeds vroeg in die geskiedenis van die ZAR daarna vernoem. Tog was dit nie van oudsher die geval nie want in 1891 is die soutpan in die Volksraad bestempel as die "een te Zoutpansberg die geen bijzondere naam" het nie.[2] Om die einste soutpan sou egter nog voor die eeuwending groot onenigheid ontstaan.


In die 1880's het die distrik Soutpansberg meer permanente Blanke inwoners begin kry. Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het sedert 1886 'n bevolkingstoestroming na die ZAR tot gevolg gehad. Ook afgeleë distrikte soos Soutpansberg het daarby baat gevind omdat grondlose burgers voortaan in die meer onbewoonde gebiede van die staat na plase moes gaan soek.

'n Toenemende behoefte aan 'n verbruiksitem soos sout het daartoe gelei dat baie van die nuwe inwoners van die Soutpansbergdistrik soutmakers geword het.[3] Teen 1890 was Pietersburg, wat in 1886 aangelê is, reeds die gevestigde hoofdorp van die noordelike landdrosdistrik.[4] Goudkoors het ook dáár geheers want menige goudsoeker het sy geluk by Marabastad, die Houtbosberge, Agatha en selfs op Leydsdorp in die ongesonde Laeveld-omgewing op die proef gaan stel.

Vir voedselprodukte was daar altyd 'n mark. As sout byvoorbeeld nie plaaslik van die hand gesit kon word nie, kon dit op die bedrywige markte in Johannesburg en Pretoria verhandel word. Vir die nuwe boerderygemeenskap het soutmakery dus mettertyd 'n bedryfsvertakking geword wat, net soos jag, vir groot gedeeltes van die jaar 'n bykomende inkomste help skep het. Tot in daardie stadium is die soutpan by Soutpansberg hoofsaaklik deur die plaaslike en merendeels inheemse bevolking ontgin veral omdat Blankes die gebied na die ontruiming van Schoemansdal in 1867 nie meer so gereeld besoek het nie.

## FORMALISERING

Ná die ontdekking van goud het die regering van die ZAR sekere maatreëls getref om die burgery teen ekonomiese uitbuiting te beskerm. So byvoorbeeld is die beginsel van konsessies ingevoer om die industrialiseringsproses van die staat te versnel en tot voordeel van die gevestigde gemeenskap te mobiliseer. Die toekenning van verpagtingsvoorregte by





*Dank word betuig teenoor dr. A.G. Oberholster, Uitvoerende Direkteur van die RGN se Instituut vir Geskiedenisnavorsing, asook proff. L.J.S. Changuion van die Universiteit van die Noorde en O.J.O. Ferreira van die Universiteit van Pretoria wat die sinvolheid van navorsing oor die soutpan geïdentifiseer het.


[1] Oor die ontstaansgeskiedenis van hierdie soutpan, kyk C.J. Joubert, *Die soutpan van Soutpansberg* (M.A., UP, 1954).

[2] *Notulen van den Tweeden Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1891*, p.66. (Art. 326, d.d. 3.6.1891 : inligting deur dr. W.J. Leyds aan die Tweede Volksraad verskaf).

[3] B.H. Dicke, *The bush speaks : border life in old Transvaal* (Pietermaritzburg, 1936), p.96. Vir 'n uiteensetting van die metodes van soutontginning en -vervaardiging kyk J.W.N. Tempelhoff, Soutmakery in Soutpansberg, *Suid-Afrikaanse tydskrif vir kultuur- en kunsgeskiedenis* 1 (3), September 1987, pp.214-219.

[4] L.J.S. Changuion, *Pietersburg : die eerste eeu, 1886-1986* (Pretoria, 1986), veral hoofstuk 2.

die soutpan van Soutpansberg kan beskou word as 'n voortsetting van hierdie beleid wat aan heftige kritiek blootgestel was.[5]

Die geskiedenis van die soutpan in die derde kwart van die 19de eeu word gekenmerk deur doelbewuste stappe deur die owerheid om effektiewe beheer oor die bron te vestig. Ná afloop van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) wou die regering bewys lewer dat die Transvaalse Afrikaners wel daartoe in staat was om die hele landstreek, tot by die Limpoporivier in die noorde, doeltreffend te regeer. Die distrik Soutpansberg met sy groot Swart bevolking en die soutpan het uiteraard 'n besondere uitdaging aan die owerheid gebied.

In 1882 is 'n kommissie bestaande uit J.P. Ziervogel, N. Grobler en B. Vorster aangestel om die soutpan vir die eerste keer amptelik in kleims van sowat 50 vierkante meter op te deel. Elke kleim sou teen £2 per jaar verhuur word.[6] Dieselfde stelsel is ook ingevoer by die vier ander soutbronne (twee in die distrik Lichtenburg en onderskeidelik een elk in die distrikte Bloemhof en Pretoria) waar persone in die toekoms kleimlisensies moes uitneem voordat hulle sout kon maak.[7] So 'n reëling was egter nie altyd prakties uitvoerbaar nie omdat soutpanne soms oorstroom was en op ander plekke weer so droog dat sout eenvoudig nie ontgin kon word nie.[8]

In die geval van die soutpan in die distrik Soutpansberg is met bykomstige probleme geworstel. Die groot afstande na stedelike sentra het dit moeilik en duur gemaak om die sout na afsetgebiede te vervoer. Daar moet origens in gedagte gehou word dat die ontginning en vervaardiging van sout vir baie mense slegs 'n onderdeel van hul jagbedrywighede was en dat die staat bowendien geen noemenswaardige inkomste uit die soutpan gekry het nie.

In Mei 1885 het die panopsigter en lid van die Volksraad, H.J. Grobler, op versoek van 'n voormalige landdros van Soutpansberg sekere riglyne aan die regering gestuur. Hy het daarop gewys dat 'n wet sonder versuim aanvaar behoort te word om die benutting van soutpanne te verbeter.[9] Grobler se voorstelle is gunstig oorweeg en aan die Volksraad vir "verdere betrachting" voorgelê.[10]

Die regulasies vir die soutpan in die distrik Soutpansberg wat in Junie 1885 deur die Volksraad goedgekeur is,[11] het in hoë mate ooreengestem met reëls wat reeds in die jare vyftig deur die Volksraad aanvaar en in die 1860's in 'n meer verfynde vorm in 'n pagooreenkoms tussen die staat en 'n voornemende pagter vervat is.[12] In die 1885-regulasies is onder meer bepaal dat kleims van sowat 50 x 50 meter teen £1 elk per jaar uitverhuur en tussen Junie en Oktober van

[5] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, IV, 1881-1899* (Johannesburg, 1977), pp.349-351.

[6] Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), Inkomende korrespondensie van die Staatsekretaris (SS) 2972, R10150/91, pp.36-37 : Afskrif van Uitvoerende Raadsbesluit, 11.1.1882.

[7] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 21 (2), 1958, p.90.

[8] *Notulen van den Tweeden Volksraad der ZAR, 1891*, p.66. (Art. 326, d.d. 3.6.1891 : inligting deur dr. W.J. Leyds ...).


[9] TAB, SS2972, R2486/85, p.206 : H.J. Grobler, Pretoria — Staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, 16.5.1885.

[10] *Ibid.*, p.188 : Afskrif van Uitvoerende Raadsbesluit, Art. 213, 18.5.1885.

[11] TAB, SS2972, R3015/85, pp.213-214 : Afskrif van Uitvoerende Raadsbesluit, Art. 433, 16.6.1885. Dié regulasies is opgeneem in die *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 24.6.1885.

[12] Kyk byvoorbeeld A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I : wordingsjare* (Kaapstad, 1950), p.85.

*'n Winteruitsig op die soutpan van Soutpansberg gedurende die 19de eeu.*
FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA



elke jaar bewerk kon word. 'n Huurder kon hoogstens drie kleims vir homself gebruik en sou hy van Swart arbeiders gebruik maak, moes hulle onder Blanke toesig werk. Verdere bepalings oor die regulering van waterleiding, vee in die omgewing van die pan en die vergoeding van die opsigter by die soutpan is ook neergelê.[13]

Uit hierdie regulasies blyk dit dat die landsvaders gepoog het om ordelikheid by die soutpan van Soutpansberg te skep. Terwyl dit enersyds aan alle burgers vir benutting beskikbaar gestel is, moes andersyds teen die oormatige eksploitering deur een persoon gewaak word. Die ordelike vloei van verkeer op die pan en die betaling van 'n billike tarief wanneer die soutmaker wel in 'n posisie was om lisensiegeld aan die staat te betaal, het ook aandag geniet.[14]

Kort ná die aanvaarding van die regulasies is voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n panopsiener.[15] Sy taak was allermins maklik omdat 'n jagter op die noordelike voorposte van die ZAR hom sedert die pioniersjare maar weinig aan 'n amptenaar gesteur het. Die geestelike ingesteldheid van die latere permanente inwoners van die Soutpansberggebied het ook nie juis baie verander nie. 'n Soutbron is, net soos houtbosse, beskou as 'n openbare gerief wat te enigertyd deur die burgery benut kon word. Geen wonder dus dat landdros D.S. Maré die werk van panopsiener as "vreeselyk" bestempel het nie![16]

Voordat hy in sy amp ingesweer kon word, moes so 'n toesighouer boonop £100 aan die staat uitmaak as borgakte vir enige moontlike finansiële ongerymdhede of verliese by die soutpan. Al die probleme en vereistes verbonde aan die amp sou uiteraard meebring dat geskikte persone nie maklik gevind sou word nie. H.J. Grobler, 'n Volksraadslid vir Soutpansberg en ou inwoner van die streek wat goed met die soutpan vertroud was, is as die eerste opsiener oorweeg. Hy het die aanbieding egter nie aanvaar nie omdat hy jaarliks, gewoonlik gedurende die maande wat sout ontgin kon word, die Volksraadsitting in Pretoria moes bywoon. Hy het gevolglik aanbeveel dat P.J. Eloff in sy plek aangestel word.[17] Eloff, 'n jong man wat aanvanklik ywerig was om sy beste te lewer, het na 'n kort rukkie egter koue voete gekry en voorgestel dat N.J. van Rensburg die amp beklee. Dié was blykbaar nie daarvoor lus nie en het die aanbod van die hand gewys.[18] Afgesien van die feit dat die werk van die panopsiener veeleisend was, het materiële faktore ook 'n rol gespeel. In die regulasies vir die soutpan wat deur die Volksraad aanvaar is, is neergelê dat die opsiener terselfdertyd die pligte van vrederegter moes vervul. As vergoeding vir dié diens kon hy slegs 5% uithou van al die geld wat hy by die pan ingesamel het.[19] Landdros Maré was van mening dat weens die moeilike aard van die panopsiener se werk, sy vergoeding na 20% van alle inkomste verhoog word en dat hy die gratis gebruik van twee kleims kry.[20] Hiervoor was die regering geensins te vinde nie.[21]

Deur sy onversetlike houding in hierdie opsig het die regering in werklikheid die toestand bemoeilik. In 'n afgeleë en yl bevolkte landstreek soos agter die Soutpansberg was wet en orde gewoonlik gebaseer op die natuurwet van oorlewing van die sterkste. Gevolglik het mense, in die afwesigheid van 'n opsiener, die reg in eie hande geneem en sout gemaak sonder om die nodige huurgeld aan die staat te betaal.

## VERPAGTING VAN DIE SOUTPAN

Dit was teen hierdie agtergrond dat oorweging geskenk is aan die toekenning van die hele soutpan aan een of selfs twee ondernemings wat alleenreg op die ontginning van die bron kon kry. In Mei 1887 is tenders dus vir die verpagting van die soutpan vir 'n tydperk van drie jaar gevra.[22] Twee tenderaars het aansoek gedoen: I.J. Maré het aangebied om die regering £40 per jaar vir die gebruik van die pan te betaal,[23] terwyl B.J. Vorster se aanbod vir vier jaar (1887 tot einde 1890) onderskeidelik £30, £40, £50 en £60 beloop het.[24]

'n Kommissie van ondersoek onder leiding van ouditeur-generaal J.S. Marais het die tenders nagegaan en voorgestel dat nie een aanvaar word nie "met het oog op de toenemende bevolking in het district Zoutpansberg waardoor zout een kostbaar artikel worden moet".[25]

In daardie stadium het egter geen protes opgeklink teen die verhuring van die soutpan aan private persone nie, mits die regering die inisiatief behou het om die openbare gebruik van die pan te verseker. Die beplande verhuring aan individue het wel 'n invloed op soutproduksie uitgeoefen want teen September 1887 het die landdros van Soutpansberg berig dat sedert tenders aangevra is, werk op die soutpan gestaak is.[26] Sekere persone het hulle by die soutpan glo ook aan onreëlmatighede skuldig gemaak, iets wat toegeskryf is aan die regering se huiwering om 'n finale besluit oor die verpagting van die soutpan te neem. Landdros Maré het dit beklemtoon dat uitsluitsel oor die saak spoedig gegee moes word.[27]

Die regering wou die goue middeweg volg. Aan die een kant moes private inisiatief wat ten minste bereid was om sout vir eie finansiële voordeel te ontgin, gestimuleer word. Aan die ander kant moes die gewone burgery ook steeds die kans gegun word om die pan te benut. Gevolglik het Maré vroeg in 1888 opdrag gekry om die pan in vier dele te laat opmeet op dié gedeelte waar die hoogste soutopbrengs gelewer sou kon word.[28] Tenders is daarna opnuut aangevra en die kennisgewing oor die verpagting is tegelyk in die staatskoerant gepubliseer.[29]

Reaksie op die voorgenome verhuring van die soutpan het spoedig hierna gevolg. In twee gelykluidende memories, albei gedateer 23 Oktober 1888 en afkomstig van Spelonken, het die ondertekenaars die regering se reg erken om die soutpan te verpag. Tog is gemeen dat so iets ongewens was. Daar is verder verduidelik dat die 99 petisionarisse almal belastingpligtige burgers was wat 'n groot deel van hulle inkomste uit die ontginning van die soutpan verkry het. By verpagting sou hulle afgesny word van "het eenige bestaan die wij tot heden gehad hebben". Hulle het die regering derhalwe versoek om nie met die verhuring voort te gaan

13 *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 24.6.1885.

14 *Ibid.* (veral artikels 2, 4 en 6).

15 TAB, SS2972, R2486/85, p.190 : Amptenaar (wie se naam nie uitgemaak kan word nie) — Staatsekretaris, 24.6.1885.

16 *Ibid.*, p.194 : D.S. Maré — Ouditeur-generaal, 30.3.1885.

17 *Ibid.*, p.191 : D.S. Maré, Marabastad — Staatsekretaris, 8.9.1885.

18 *Ibid.*, pp.192-193 : D.S. Maré — Staatsekretaris, 14.1.1886; ook *ibid.*, p.204 : P.J. Eloff, Pretoriusburg — Maré, 1.1.1886.

19 *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 24.6.1885 (Artikel 13).

20 TAB, SS2972, R2486/85, p.194 : D.S. Maré — Ouditeur-generaal, 30.3.1885.

21 *Ibid.*, p.195 : W.E. Bok — Ouditeur-generaal, 14.4.1885.

22 *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 18.5.1887. Kyk ook TAB, Landdros Soutpansberg, (LS), Band 7, 176/87, p.253 : (Circulaire) D.S.Maré — Veldkornette, 24.5.1887.

23 TAB, SS2972, R4649/87, p.218 : Tender voor Zoutpan Zoutpansberg. I.J. Maré, Pietersburg, 28.5.1887.

24 *Ibid.*, p.219 : B.J. Vorster (jr.), Doornkasteel, 26.5.1887.

25 *Ibid.*, p.217 : Verslag van J.S. Marais, Pretoria, 11.7.1887.

26 TAB, SS2972, R2486/85, p.196 : D.S. Maré — Staatsekretaris, 26.9.1887.

27 TAB, LS, Band 7, 413/87, p.478 : D.S. Maré — Staatsekretaris, 11.11.1887.

28 *Ibid.*, p.196 : W.E. Bok, Pretoria — D.S. Maré, 21.2.1888.

29 *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 3.10.1888.



*Die 19de-eeuse soutmakers het klein pannetjies met pekelwater gevul. Nadat die water verdamp het, het sout van 'n hoë gehalte oorgebly.*
FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

nie.[30] Of hierdie vertoë enige uitwerking op die owerheid se planne gehad het, kan nie bo alle twyfel vasgestel word nie. Volgens 'n amptelike mededeling in Februarie 1889 het niemand egter op daardie tydstip nog vir die huur van die soutpan aansoek gedoen nie.[31]

Later dieselfde jaar het die regering opnuut gepoog om die soutpan te verpag toe voornemende tenderaars meegedeel is dat aansoeke vir een of al vier kleims ingedien kon word.[32] Vir die eerste keer was dit duidelik dat die staat bereid was om die soutpan in sy geheel te verhuur aan 'n enkeling wat op private inisiatief werk. Hierdie verandering in sy beleid sou spoedig tot nadeel van die regering strek.

In November 1889 het P.F. Zeederberg aansoek gedoen om die "verscheidene zoutpannen en zoutspruiten... (in die distrik Soutpansberg) die niet gebruikt worden" vir 'n tydperk van 25 jaar te huur. Hy was voornemens om masjinerie te gebruik vir die "economische bewerking" van die bron, sonder om die ontginning en toekomstige benutting daarvan skade te berokken. Ter versterking van sy saak het hy bygevoeg dat hy "groote belangen" in die distrik het en ook verwys na 'n poskontrak en vervoeronderneming in Soutpansberg waarby hy betrokke is.[33]

Die Staatsekretaris was ietwat verbaas om te verneem dat daar meer as een soutbron in die distrik was.[34] Landdros Maré het hom egter gerusgestel dat dit nie die geval was nie[35] maar ook die vrees uitgespreek dat die regering aan die kortste end van enige onderneming met 'n private individu sou trek deurdat die water uit "onzer pan hier veel meer zout geef als uit eenig ander pan" binne die grense van die staat. Dit was dus met voorbehoude dat hy sy steun aan die verpagting van 'n gedeelte van die pan aan Zeederberg toegesê het.[36]

Op 10 Februarie 1890 het die Uitvoerende Raad nietemin besluit om een helfte van die soutpan teen £150 per jaar aan Zeederberg te verhuur. 'n Stuk grond van 20 morg (sowat 17 ha) wat aan die soutpan grens, is ook aan hom toegeken vir die oprigting van geboue en die aanhou van 100 stuks groot- en 200 stuks kleinvee.[37] Zeederberg het hom by dié voorwaardes neergelê.[38]

Bykans 'n jaar na die besluit van die Uitvoerende Raad is 'n omvattender "Memorandum van Overeenkomst" op 27 Januarie 1891 tussen Zeederberg en die staat onderteken. Van die belangrikste bepalings was dat die huurder moes boekhou van die hoeveelheid sout wat ontgin, gesuiwer en weggevoer is. Hy moes ook onderneem om elke ses maande sy huurgeld by die landdros van Soutpansberg te betaal. Indien die onderneming nie winsgewend was nie, kon die huurder die ooreenkoms met die staat binne drie maande van kennis opskort.[39]

## NUWE MAATREËLS EN PROBLEME

Skaars 'n week nadat die Uitvoerende Raad een helfte van die soutpan aan Zeederberg toegeken het, het W.W. Maré die regering gevra om die oorblywende deel van die pan op dieselfde voorwaardes as aan Zeederberg aan hom te verhuur.[40] Terwyl staatsekretaris W.J. Leyds hierdie aansoek ge-

[30] TAB, SS2972, R10282/88, pp.223-225 en 226-227 (ónderskeidelik) : D.J. van Niekerk en 79 ander, Grootspelonken, 23.10.1888, en P.J. Grobler en 18 ander, Spelonken, 23.10.1888.

[31] TAB, SS2972, R2486/85, p.198 : T.J. Krogh — Staatsekretaris, 11.2.1889.

[32] *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 14.8.1889.

[33] TAB, SS2973, R11848/89, pp.169-170 : P. F. Zeederberg, Pretoria — Staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, 6.11.1889.

[34] *Ibid.*, p.163 : W.J. Leyds — Landdros Soutpansberg, 17.1.1890.

[35] Daar was wel soutpanne aan die noordoostelike grens van die distrik, maar die ontginning daarvan is deur die teenwoordigheid van groot Swart gemeenskappe in die omgewing bemoeilik. Kyk H. BERTHOUD, *Map of Zoutpansberg, Northern Transvaal* (Bern, 1903).

[36] TAB, SS2973, R11848/89, p.164 : D.S. Maré — Staatsekretaris, 25.1.1890.

[37] *Ibid.*, p.166 : Afskrif van Uitvoerende Raadsbesluit, Art. 102, 10.2.1890.

[38] TAB, SS2973, R11848/89, p.185 : P.F. Zeederberg — Staatsekretaris, 28.2.1890.

[39] TAB, SS2973, R15241/90, pp.186-187 : Contract en Memorandum van Overeenkomst.

[40] *Ibid.*, p.220 : W.W. Maré — Staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, 14.2.1890.

steun het,[41] was G.G. Munnik (die nuwe landdros van Soutpansberg in D.S. Maré se plek) nie ten gunste van die verpagting van die tweede helfte van die soutpan nie. Volgens hom was die pan 'n bron van inkomste vir "behoeftige burgers" wat jaarliks daarheen gegaan het om sout te raap. Indien die regering dus besluit om die tweede gedeelte van die pan ook te verpag, moes die gewone burgers die reg hê om sout teen 'n prys gelykstaande aan die produksiekoste van die huurders te koop.[42]

Die Uitvoerende Raad het Munnik se voorstelle aanvaar en 'n nuwe ooreenkoms is opgestel waarin ook na die belange van die burgery omgesien sou word. Dit het inhoudelik verskil van dié wat met Zeederberg aangegaan is en het onder meer bepaal dat elkeen wat graag sout wou ontgin dit na betaling van 15s.6d. sonder steurnis kon doen.[43] Op 31 Januarie 1891 is die huurooreenkoms tussen W.W. Maré en die staat uiteindelik gesluit.[44]

Die regering se 'nuwe' reëlings was in werklikheid 'n halfhartige poging om die gewone burger teen nywerheidsontwikkeling te beskerm. Dit was immers naïef om van 'n onderneming wat jaarliks 'n aansienlike bedrag moes betaal om die soutpan te eksploiteer, te verwag om 'n individu toe te laat om teen 'n daalder (1s.6d.) vir homself sout te ontgin.

'n Moontlike verklaring vir die verandering in regeringsbeleid lê opgesluit in die swak opbrengs en lae verdienste van die Soutpansbergse soutpan. Uit syfers vir die vyf jaar tussen 1886 en 1890[45] is dit duidelik dat hierdie soutpan, in vergelyking met die drie ander in die staat, verreweg die minste inkomste opgelewer het:

**STAATSINKOMSTE UIT SOUTPANNE, 1886-1890**
**(£-waardes)**

| Soutpan | 1886 | 1887 | 1888 | 1889 | 1890 |
|---|---|---|---|---|---|
| Pretoria | 50 | 100 | 160 | 120 | 245 |
| Soutpansberg | 13 | 37 | 2 | 0 | 2 |
| Bloemhof | 0 | 200 | 100 | 150 | 150 |
| Lichtenburg (2 panne) | 0 | 50 | 200 | 125 | 0 |
| **Totaal** | 63 | 387 | 462 | 395 | 397 |

Aangesien die soutpan van Soutpansberg in elk geval nie eintlik druk deur soutmakers benut is nie, is besluit om dit eerder vir algemene gebruik oop te stel as om dit net so te laat lê. Private inisiatief om sout op groter skaal te ontgin, was dus die natuurlike alternatief.

Die eerste krisis oor die nuwe bedeling by die soutpan het in Augustus 1891 ontstaan toe ene B.P. Vorster die regering ingelig het dat hy "zeer verwondert" was om met sy aankoms by die soutpan te verneem dat die hele pan verpag is. Sover sy kennis strek, het hy op grond van 'n ooreenkoms met die regering die reg gehad om twee kleims te bewerk.[46] Die Staatsekretaris het eers Vorster se aanspraak op die kleims in twyfel getrek[47] maar daar is spoedig ontdek dat dit geregverdig was.[48] Die saak het só gestaan: Vorster, van die plaas Doornpaleis in die distrik Soutpansberg, het die regering reeds in 1885 versoek om hom as behoeftige landsburger te vergoed vir die diens wat hy aan die staat bewys het "als de ontdekker van een nieuwe tak van nyverheid." Volgens hom het die soutpan vir sowat 20 jaar geen sout opgelewer nie. In Augustus 1880, kort voor die uitbreek van die (Eerste) Vryheidsoorlog, het hy daarin geslaag om sout volgens 'n nuwe metode[49] te ontgin. Vorster het voorts verduidelik dat die soutpan naby Pretoria feitlik geen sout meer lewer nie en dat die soutbronne van die distrik Bloemhof heeltemal ontoereikend is om in die landswye aanvraag te voorsien.[50] Op grond van sy motivering het die regering twee kleims gratis vir 'n tydperk van tien jaar aan Vorster gegee. Dit is in Januarie 1886 deur die opsigter van die soutpan aan hom uitgewys.[51]

Nadat die amptenary kennis geneem het van die administratiewe flater wat begaan is deur Vorster se regte te misken, is verskoning aangebied. Hy was egter nie daarmee gediend nie en het sy regsverteenwoordigers in Pretoria opdrag gegee om stappe te doen. Die firma Rooth en Wessels, wat sy saak gehanteer het, het die regering daarop gewys dat hul kliënt 'n behoeftige man is en dat hy graag sy kleims wou behou.[52] In die daaropvolgende hofsaak is uitspraak ten gunste van Vorster se eis gelewer.[53]

Vir die staat was dit slegs die eerste van 'n reeks tydelike terugslae wat die soutpan betref. Groot was die verbasing toe teen Mei 1892 besef is dat die gebore landsburger W.W. Maré en die vervoerkontrakteur Zeederberg wat albei kontrakte vir die huur van die soutpan met die regering gesluit het, nie meer in besit daarvan was nie omdat dit binne 'n jaar aan die firma Fehr en Du Bois oorgedra is.[54]

Die owerheid was dus in 'n netelige posisie want deur die verhuring van die grootste gedeelte van dié soutpan is baie landsburgers daarvan weerhou om ook sout te ontgin. Aan die begin van 1891 is persone wat amptelik vir die benutting van die soutpan aansoek gedoen het, trouens meegedeel dat die regering nie meer 'gratis' kleims toegeken het nie.[55]

## KRITIEK EN STAPPE TEEN VERPAGTING

Toe president Paul Kruger op sy jaarlikse reis deur die staat in Oktober 1891 besoek bring aan Pietersburg, die administratiewe sentrum van die distrik Soutpansberg, is 'n memorie aan hom voorgelê waarin gekla is omdat die regering die soutpan verpag het. In sy antwoord het die Staatspresident daarop gewys dat 'n regeringskommissie aangestel sou kon word om die aangeleentheid te ondersoek. Hy het egter daaraan toegevoeg dat verhuring van die soutpan plaasge-

41 *Ibid.*, pp.227-228 : W.J. Leyds — W.W. Maré, 19.1.1891.
42 *Ibid.*, p.216 : G.G. Munnik — Staatsekretaris, 14.1.1891.
43 *Ibid.*, p.217 : Afskrif van Uitvoerende Raadsbesluit, Art. 73, 28.1.1891; *ibid.*, pp.227-228 : W.J. Leyds — W.W. Maré, 19.1.1891.
44 TAB, SS2973, R953/91, pp.230-231 : Kontrakt W.W. Maré.
45 *Notulen van den Tweeden Volksraad der ZAR, 1891*, p.66. (Art. 326, d.d. 3.6.1891 : inligting deur dr. W.J. Leyds ...)
46 TAB, SS2972, R10150/91, p.115 : B.P. Vorster (Zoutpan, Soutpansberg) — Regering, 1.8.1891.
47 *Ibid.*, p.38 : Staatsekretaris — T.J. Krogh, 9.11.1891; vergelyk ook *ibid.*, pp.37-38 : G.G. Munnik — Staatsekretaris, 3.11.1891.
48 Kyk TAB, SS2972, R2023/85, pp.119-120 : W.E. Bok — Landdros Soutpansberg, 26.1.1886, en D.S. Maré — Staatsekretaris 3.2.1886. Vir die oorspronklike toekenning aan B.P. Vorster, kyk TAB, LS, Band 6, 230/85, p.148 : D.S. Maré — Vorster, 23.5.1885.
49 In die amptelike dokumente word geen melding gemaak van die wyse waarop die ontginning plaasgevind het nie. Dit kan deels daaraan toegeskryf word dat Vorster voornemens was om nie die geheim van sy 'proses' uit die mou te laat tensy hy daarvoor vergoed word nie. Die vermoede is egter dat hy die sout gekook of geloog het.
50 TAB, SS2972, R2023/85, pp. 121-124 : B.P. Vorster, Doornpaleis — Staatsekretaris, 30.3.1885.
51 *Ibid.*: W.E. Bok — Landdros Soutpansberg, 21.4.1885.
52 TAB, SS2927, R10150/91, pp. 116-117 : Rooth en Wessels (Pretoria) — Staatsekretaris, 24.9.1891.
53 *De Volksstem*, 31.8.1891 (Berig: "De heer Barend") . TAB, SS2973, R7017/92, pp.67-70 : Eise van B.P. Vorster teen dr. W.J. Leyds as verteenwoordiger van die staat in die Hooggeregshof van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 29.6.1892.
54 TAB, SS2972, R10150/91, p.40 : A. Lorentz, wnd. Registrateur van Aktes — Staatsekretaris, 6.5.1892; ook LS, Band 12, 345/92, p.275 : G. Düring — Staatsekretaris, 20.5.1892.
55 TAB, LS, Band 10, 56/91, p.18 : G.G. Munnik — Staatsekretaris, 24.1.1891; LS, Band 10, 142/91, p.100 : G.G. Munnik — C.A.C. Roets, 14.2.1891.

vind het omdat die mense laks was en probeer het om die betaling van lisensiegeld by die pan te ontduik.[56] By monde van die staatshoof is hiermee vir die eerste keer 'n aanduiding gegee waarom die soutpan sonder meer verhuur is.

Van die Staatspresident se moontlike kommissie van ondersoek het niks gekom nie. Die heroopstelling van die soutpan vir die algemene publiek sou dus hoofsaaklik afhang van die inisiatief van die plaaslike inwoners en die samewerking van die landdros van die distrik Soutpansberg.

Afgesien van landdros George Munnik wat homself waarskynlik meer as enige ander persoon vir die heroopstelling van die soutbron vir openbare gebruik beywer het,[57] het verskeie burgers die saak ook onder die aandag van die landsvaders gebring en sodoende 'n regstelling probeer bewerkstellig. Ongeveer twee maande nadat die een helfte van die soutpan aan W.W. Maré verhuur is, het A.H. Potgieter, L. van Wijk en 51 ander persone uit Soutpansberg die regering in Maart 1891 versoek om die soutpan nie te verpag nie maar eerder aan burgers vir benutting oop te stel.[58]

Die memorie is ter tafel gelê in die nuut gestigte Tweede Volksraad wat jurisdiksie oor die staat se soutpanne en houtbronne uitgeoefen het.[59] Die Staatspresident het self verduidelik dat die meeste mense nagelaat het om lisensiegeld te betaal en bowendien sommige van die reëls oor die benutting van die soutpan oortree het. Ondanks sterk vertoë deur B.J. Vorster, die lid vir Soutpansberg in die Tweede Volksraad, dat die pan hoofsaaklik 'n bron van inkomste vir behoeftige burgers was wat slegs 'n geringe deel daarvan kon gebruik, het die Volksraad besluit om nie aan die versoek van die memorialiste gehoor te gee nie.[60]

Die volgende jaar (1892) is die eerste planne in werking gestel om die verpagtingsooreenkomste wat in die hande van Fehr en Du Bois beland het, nietig te laat verklaar. Die staat was aanvanklik huiwerig om op te tree omdat hy die hofsaak teen B.P. Vorster reeds vroeër verloor het en hy nie in nog 'n regsgeding betrokke wou raak nie. In Junie 1892 het die ouditeur-generaal vasgestel dat die maatskappy Fehr en Du Bois net die huurgeld van één van die twee kontrakte in sy besit stiptelik betaal het.[61] Landdros Munnik het aangedui dat hy geen laatbetalings van die firma aanvaar het nie,[62] terwyl die staatsprokureur verklaar het dat Fehr en Du Bois ook versuim het om 'n opgawe in te dien van die hoeveelheid sout wat ontgin is.[63]

Landdros Munnik se ondersoek ter plaatse het bevestig dat die firma nie die ooreenkoms nagekom het nie. Kopers moes byvoorbeeld duurder vir die sout betaal as wat gebruiklik was en dit wou selfs voorkom of die firma nie juis gretig was om met die burgers sake te doen nie.[64] Kort na Munnik se besoek aan die soutpan het hy die voormalige panopsigter, P.J. Eloff, opdrag gegee om ook daarheen te gaan en verslag oor sy bevindinge te doen.[65] Eloff het eweneens bevind dat Fehr en Du Bois soutpryse willekeurig vasgestel het en boonop 'n kunsmatige tekort aan sout probeer skep het sodat die prys verder verhoog kon word. Dit het ook aan die lig gekom dat groot hoeveelhede sout via Tuli na Masjona- en Matebeleland uitgevoer is.[66]

Ondanks Munnik se pogings om die verpagtingsooreenkomste van die firma opgehef te kry en die sterk argumente wat ten gunste daarvan aangevoer kon word, was dit 'n teleurgestelde prokureur C. Ueckermann wat die staatsekretaris in Februarie 1893 in kennis moes stel dat die staat sy geding teen Fehr en Du Bois verloor het.[67]

[56] De Volksstem, 27.10.1891 (Berig: "ZHed. De Staatspresident op reis") en 3.11.1891 (Berig : "Pietersburg").

[57] G.G. MUNNIK, *Memoirs : covering eighty years of thrilling South African history, politics and war* (Kaapstad, 1934), p.89.

[58] *Notulen van den Tweeden Volksraad der ZAR, 1891*, p.67 (Art. 327, 2.6.1891).

[59] *Ibid.*, p.31. (Art. 121, 15.5.1891).

[60] *Ibid.*, pp.67-68. (Artikels 326 en 328, 2.6.1891).

[61] TAB, SS2972, R10150/91, p.47 : J.S. Marais — Staatsekretaris, 27.6.1892; kyk ook LS, Band 12, 337/92, p.265 : G. Düring — Staatsekretaris, 19.5.1892.

[62] TAB, LS, Band 12, 337/92, p.358 : G.G. Munnik — Staatsekretaris, ca. 14-15.6.1892; ook LS, Band 16, 451/92, p.390 : G. Düring — Staatsekretaris, 28.6.1892.

[63] TAB, SS2972, R10150/91, pp.50-52 : A.E.J. Krause — Staatsekretaris, 2.7.1892.

[64] TAB, LS, Band 12, 527/92, p.437 : G.G. Munnik — Staatsekretaris, ca. 19-20.7.1892; SS2973, R7875/92, pp.30-33 : (Telegram) G.G. Munnik — Staatsekretaris, 21.7.1892.


[65] TAB, LS, Band 12, 542/92, p.446 : G.G. Munnik — P.J. Eloff, 21.7.1892.

[66] TAB, SS2973, R8476/92, pp.41-43 : Verklaring van P.J. Eloff aan landdros G.G. Munnik, Pietersburg, 1.8.1892.

[67] TAB, SS2972, R10150/91, p.56 : C. Ueckermann — Staatsekretaris, 2.2.1893.

*Panorama van die soutpan, 1987. Hoewel groter opgaardamme en moderne metodes gebruik word, speel die son nog steeds 'n belangrike rol by soutontginning.*

FOTO: J.W.N. TEMPELHOFF



In 1894 is die saak weer eens opgeneem deur landdros Munnik wat steeds vasberade was dat burgers die soutpan na behore moes kon benut. Hulle was juis lankal ontevrede omdat hulle 10s.6d. vir 'n sak sout moes betaal, terwyl die produksieprys 2s.6d. per sak was. As iemand op Fehr en Du Bois se kleims sout gemaak het, moes hy laasgenoemde bedrag daarvoor betaal. Wou hy egter die sout van die terrein verwyder, moes hy dit teen 10s.6d. weer van die firma aankoop. Tog kon niks teen Fehr en Du Bois ingebring word nie aangesien hy volgens Munnik "zoo voorzichtig is om zich binnen de vier hoeken van zijn kontrakt te houden".[68] Bowendien het die firma openlik sout na die gebied van die Chartered Company noord van die Limpoporivier uitgevoer waar uitstekende pryse behaal is.[69] Dit was een van die redes waarom Fehr en Du Bois nie gretig was om sout aan inwoners van die distrik Soutpansberg te lewer nie.

Ook in die Tweede Volksraad is die kwessie van verpagting weer aan die orde gestel na aanleiding van etlike versoekskrifte wat ingedien is. Uit Waterberg het A.P. Botha en 96 ander burgers die regering versoek om nie die soutpanne in die distrik Piet Potgietersrust te verpag nie omdat hulle 'n soortgelyke situasie as in Soutpansberg gevrees het.[70] Uit onder andere hierdie gebied het 'n groep burgers omstreeks dieselfde tyd in feitlik eenders bewoorde memories gevra dat die soutpan vir openbare gebruik oopgestel word sodat die opbrengs tot voordeel van die burgers plaaslik en in omliggende distrikte sou strek. Hulle het onderneem om hul verpligtinge na te kom deur lisensiegeld te betaal solank hulle net die soutbron kon benut.[71]

Die Tweede Volksraad was simpatiek teenoor die vertoë en het 'n kommissie onder voorsitterskap van W.H. van Niekerk opdrag gegee om op die verhuring van die soutpan aan Fehr en Du Bois in te gaan. Die kommissie se bevindinge was dat niks aan die saak gedoen kon word nie, behalwe om noukeurig toesig te hou dat dié firma binne die raamwerk van sy ooreenkoms bly.[72]

Vroeg in 1895 is pleidooie vir die oopstelling van die Soutpansbergse soutbron opnuut tot die owerheid gerig. In drie memories met min of meer dieselfde strekking het die opstellers verklaar dat hulle al "bitter veel geleden hebben" en in "ellende" verkeer het omdat hul enigste inkomstebron hulle ontneem is.[73] In 'n stadium toe die noordelike dele van die ZAR onder langdurige droogtes en sprinkaanplae gebuk gegaan het, was smeekbede om hulp tot die regering geensins oordrewe nie. Armoede was besig om die gemeenskap uit te mergel.

In Februarie 1895 het die Uitvoerende Raad konsepreëls vir die doeltreffender openbare benutting van soutpanne binne die staat opgestel en na die Eerste en Tweede Volksraad vir bespreking gestuur.[74] In die Tweede Volksraad is aanvaar dat feitlik al die memories uit Waterberg en Wakkerstroom wat oor die soutpanne handel, indirek ook op die soutpan van Soutpansberg van toepassing was. Terselfdertyd is 'n kommissie van ondersoek onder voorsitterskap van F. Boshoff aangestel om die saak te ondersoek. Aangeleenthede betreffende die pan van Soutpansberg is, ondanks die memories wat ontvang is, nie by die werksaamhede van die kommissie ingesluit nie.[75] Op 22 Julie 1895 is 'n mosie van H.J. Grobler wat ook op die soutpanne betrekking gehad het, met "acclamatie aangenomen". Daarin is besluit om die memorialiste te antwoord dat die regering soveel moontlik sou doen om aan hul versoeke gehoor te gee.[76]

Om uitvoering aan dié voorneme te gee, is die "Regulatien voor de verpachting van gouvernements-zoutpannen" nog dieselfde dag in die Tweede Volksraad goedgekeur. Dit het onder meer bepaal dat 'n verpagtingsooreenkoms voortaan net vir vyf jaar gesluit kon word. Elke huurder was verplig om die publiek toe te laat om vir eie doeleindes sout teen ses pennies (6d.) per sak te maak. Die kontrak tussen die regering en pagter kon ook nie sonder amptelike goedkeuring aan 'n derde party oorgedra word nie.[77] Hierdeur is sommige van die tekortkominge in vorige huurkontrakte met betrekking tot die soutpan van Soutpansberg uit die weg geruim.

Hierdie regulasies sou egter nie onmiddellik by laasgenoemde soutbron van krag kon word nie omdat die ooreenkomste wat vroeër met Zeederberg en Maré gesluit is, die huurtydperk op 25 jaar gestel het.[78] Landdros Munnik sou jare later nog oor die verlies van vrye openbare toegang tot die Soutpansbergse soutpan kla omdat dit na sy mening Boere die kuns van soutmaak verleer het.[79] Sou dit inderdaad die geval wees, het die Afrikaner van Soutpansberg miskien tog vir sy landgenote elders die boodskap deurgegee dat 'n waardevolle hulpbron soos 'n soutpan ten alle koste beskerm moet word.

## BESLUIT

Uit voorgaande blyk dit dat eers nadat hulle die soutpan nie meer vryelik kon bewerk nie, die Soutpansbergers besef het dat 'n belangrike bedryfsvertakking hulle ontneem is. Aanvanklik het hulle heftig gereageer en selfs dreigemente of eise teen die owerheid gerig. Later, namate hulle van hul afhanklikheid van dieselfde owerheid bewus geword het, is die landsvaders met groter onderdanigheid versoek om die soutpan vir openbare gebruik her oop te stel.

Tog het die verhuring van die soutpan waarskynlik ook die fase van mynbou-ontwikkeling[80] in die distrik Soutpansberg ingelui. Soutontginning het tewens meegebring dat die voorpospionier teen die laat-19de eeu minder nomadies en meer gevestig geraak het. Met verloop van tyd het 'n mate van interafhanklikheid ontwikkel tussen die distrik Soutpansberg en die gebied oorkant die Limpopo (die latere Rhodesië). Politieke skeiding en verskille sou inderdaad ondergeskik wees aan ekonomiese werklikhede, waarvan die soutpan in die noorde van die ZAR 'n integrerende deel was.

[68] *Ibid.*, p.72 : G.G. Munnik — Staatsekretaris, 25.4.1894.

[69] *Ibid.*, pp.70-71.

[70] *Notulen van den Tweeden Volksraad der ZAR, 1894*, p.174. (Art. 453, 22.6.1894).

[71] TAB, SS2973, R8811/94, pp.114-118 : H.J. Grobler en 114 ander (Marabastad), *ibid.*, pp.120-125 : H.W. Alberts en 66 ander (Houtboschberg), en *ibid.*, pp.126-127 : J.H. de Beer en 12 ander (Pretoria). Al drie memories is gedateer 17 April 1891 en gerig aan die Voorsitter en lede van die Eerste Volksraad.

[72] *Notulen van den Tweeden Volksraad der ZAR, 1894*, pp.174 en 366. (Artikels 452 en 848, onderskeidelik 22.6.1894 en 7.8.1894). Kyk verder TAB, SS2973, R6611/94, p.108 : Rapport van de Commissie, 23.8.1894.

[73] TAB, SS2973, R2239/95, pp.142-152 : Memories (aan die Staatspresident) van P.J. de Vaal en 52 ander (Soutpansberg), 5.2.1895, G.C. Snijman en 57 ander (ongedateerd) en T. Botha en 20 ander, 8.2.1895.

[74] *Notulen van den Tweeden Volksraad der ZAR, 1895*, p.159. (Art. 301, 1.6.1895 : verwysing na Uitvoerende Raadsbesluit, 4.2.1895, Art. 103).

[75] *Ibid.*, pp.358-359. (Art. 865, 18.7.1895).

[76] *Ibid.*, pp.386-388. (Artikels 926 en 927, 22.7.1895).

[77] *Ibid.*, pp.387-388. (Art. 926, 22.7.1895). Kyk ook *Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1895* (Pretoria, 1896), pp.130-134 (Wet 15 van 1895).

[78] TAB, LS, Band 19, 3082/1895, p.758 : G.G. Munnik — Staatsekretaris, 24.9.1895.

[79] MUNNIK, *Memoirs*, p.90.

[80] G. MARAIS, *Die verband tussen ekonomiese ontwikkeling en vestiging van sekondêre nywerhede in die Republiek van Suid-Afrika* (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, A.40, Pretoria, 1966), pp.16-17.